MEMORANDUM VAN OOREENKOMS AANGEGAAN DEUR EN TUSSEN:
BETHLEHEM VOORTREKKER HOËRSKOOL
(Hierin verteenwoordig deur Die Skoolhoof)
(EERSTE PARTY)

En

_____ (VADER)
(TWEEDE PARTY)

En

_____ (MOEDER)
(TWEEDE PARTY)

Of

_____ (VOOG)
(TWEEDE PARTY)

_____(LEERDER)

Derhalwe kom die Partye as volg ooreen:

Die Eerste Party:

1. Ontvang hiermee die Tweede Party se kind en onderneem om die voorgeskrewe kurrikulum te volg tydens die voorgeskrewe skoolure.

Die Tweede Party:

1. Plaas hiermee ons kind in die sorg van die Eerste Party tydens die voorgeskrewe skooljaar 2012.

2. Erken aanspreeklikheid vir die betaling van die skoolgeld en rente teen 15.5% per jaar, sou rente gehef word op alle agterstallige bedrae verskuldig aan die Eerste Party, soos aanvaar tydens die begrotingsvergadering.

3. Erken dat ons vertroud is met die inhoud van die Eerste Party se toelatingsbeleid, gedragskodes asook dissiplinêre kodes welke reeds aan ons beskikbaar gestel is as deel van die toelatingsdokumente.

4. Erken en stem in tot die betaling van invorderingskommissie en regskoste op prokureur- en-kliëntskaal, sou dit nodig wees vir die Eerste Party om regstappe te neem.

Die Partye kom verder ooreen as volg:

Dat die volgende wyse van betaling, sonder voorbehoud, sal geld naamlik:

1. AFTREKORDER / INTERNET

Verkieslik moet geen skoolgeld direk by die skool inbetaal word by wyse van kontant of tjek nie. Ouers word vriendelik versoek om asseblief ‘n aftrekorder by hul onderskeie banke te reël vir die betaling van skoolgeld en koshuisgeld. Die goedkoopste wyse bly egter om per internet te betaal of om kontant in ons bankrekening te deponeer. U moet as die verwysingsnommer aandui die kind se naam, van, of die toelatingsnommer soos op u skoolgeldrekening.

2. KORTING / AFSNYDATUM

Ouers wat die totale bedrag skoolgeld voor of op 29 Februarie 2012 betaal, kwalifiseer vir ‘n korting van 5% per leerder.

3. BESONDERHEDE VAN DEPOSITO

Aangeheg ‘n voorbeeld van ‘n depositostrokie sowel as die prosedure nadat u die deposito gemaak het. Skryf in alle gevalle duidelik en in blokletters en maak seker dat u die korrekte bankrekeningnommer gebruik. Die bankrekeningnommer van die skool en koshuis verskil. Dit is baie belangrik dat u die ruimte vir verwysing sal voltooi, met die kind se naam, van of die toelatingsnommer soos op u skoolgeldrekening, by gebreke waarvan ons die inbetaling nie na die korrekte rekening kan allokeer nie. Stuur of faks asseblief onmiddellik ‘n bewys van u inbetaling (depositostrokie).

REKENINGNAAM: VOORTREKKER HOËRSKOOL **TJEKREKENINGNOMMER: 770940028**	**BANK: ABSA, BETHLEHEM** **TAKKODE: 502 233**

Die Partye kom ooreen dat rekeningstate nie elke maand gepos sal word nie. Rekeningstate word elke maand deur die registeronderwyser aan die leerder oorhandig. Betalings is nie afhanklik van die ontvangs van rekeningstate nie.

4. SKOOLGELD 2012

4.1 Die bedrag skoolgeld per kind, soos bepaal tydens die begrotingvergadering gehou op 24 Oktober 2011, is ten volle opeisbaar en betaalbaar op of voor 29 Februarie 2012. Indien die volle bedrag betyds vereffen word, sal 'n korting van 5% toegestaan word.

4.2 Betaling van die bedrag van R660.00 per graad 8 & 9 leerders en R720 vir graad 10, 11 & 12 leerders, is verpligtend op of voor 17 Januarie 2012, welke bedrag afgetrek sal word van die totale skoolgeld.

4.3 Sou die balans van die skoolgelde nie vereffen wees voor of op 29 Februarie 2012 nie, dan erken en onderneem die Tweede Party om die balans as volg te betaal (Merk met X):

☐ 10 gelyke maandelikse betalings vanaf 1 Januarie 2012 tot 1 Oktober 2012 (maandeliks vooruit)

☐ 4 gelyke kwartaallikse betalings op die eerste skooldag van elke kwartaal (kwartaalliks vooruit)

4.4.1 Sou 'n ouer weier en/of versuim om hul spesifieke reëling gestand te doen, met ander woorde om een maand nie **vooruit** te betaal nie, of om een kwartaal **vooruit** te betaal nie, **sal die totale skoolgeld uitstaande per leerder vir die jaar 2012 onmiddellik opeisbaar en betaalbaar wees.**

4.4.2 Sou die Tweede Party versuim en/of weier om stiptelik te betaal in terme van Klousule 4.3 hierin, sal die uitstaande bedrag van die skoolgeld onmiddellik opeisbaar en betaalbaar wees en regstappe vir die verhaal daarvan sal in terme van die Suid-Afrikaanse Skolewet, No 84 van 1996 (soos gewysig) summier ingestel word en dat die Eerste Party onverwyld en sonder enige verdere kennisgewing kan voortgaan met die neem van vonnis teen die Tweede Party vir die balans uitstaande asook dat die Tweede Party toestem tot 'n besoldigingsbeslagbevel.

4.5 Bogenoemde wyse van betaling het slegs betrekking op SKOOLGELD EN KOSHUISGELD. Alle ander fooie soos vir foto's, kampe en kursusse, matriekafskeid, ekstra boeke, busgeld, reiskostes, ensovoorts, word by die kantoor inbetaal.

5. AANSOEK OM VRYSTELLLING

Sou die Tweede Party enige probleme ondervind met die betaling van skoolgeld vir 2012, word u versoek om so spoedig moontlik me. Charmaine Booyens te kontak en reëling te tref. Sperdatum vir sodanige reëlings is **31 Januarie 2012.** Volgens die SA Skolewet bestaan daar sekere kategorieë vir vrystelling van skoolgeld. Die besonderhede is by die skool beskikbaar. Die plig rus egter op die Tweede Party en nie op VOORTREKKER HOËRSKOOL nie, om jaarliks skriftelik aansoek te doen vir vrystelling voor **31 Januarie 2012.**

ALBEI OUERS OF DIE VOOG MOET DIE KONTRAK ONDERTEKEN.

GETEKEN TE BETHLEHEM OP HEDE DIE DAG VAN 20

GETUIES:

1. _____

2. _____ _____

EERSTE PARTY

GETEKEN TE OP HEDE DIE DAG VAN 20

GETUIES:

1. _____

2. _____ _____

TWEEDE PARTY (VADER)

En

_____

TWEEDE PARTY (MOEDER)

_____

TWEEDE PARTY (VOOG)